

DIE KERKLIKE TUG.*

INLEIDING.

Die tug en die handhawing daarvan is 'n saak van wesenlike belang vir die Kerk van die Here nie alleen nie, maar ook vir elke volk. Dit bepaal tot op sekere hoogte die geestelike peil van die Kerk en die sedelike peil van 'n volk.

Van so groot belang word die tug beskou, dat die Nederlandse Geloofsbelydenis in Art. 29 as een van *die merktekens van die ware Kerk*, naas die suiwere prediking van die Evangelie en die suiwere bediening van die Sakramente, noem die kerklike tug.

CALVYN het die gebruik van die tug om die sondes te straf nie gereken as een van die merktekens¹⁾ van die ware Kerk nie. Maar al behoort die tug volgens hom dan nie by die wese van die Kerk nie, tog beskou hy dit as van groot belang vir die *welwese*, die welsyn of goeie „gesondheid” van die Kerk.

*) Lesing gehou in opdrag van die Algemene Kommissie voor die Hoogeerwaarde Algemene Kerkvergadering van die Ned. Hervormde Kerk in sitting te Pretoria op Dinsdag, 11 Mei 1948, en volgende dae.

¹⁾ Institutie IV, Hfd. 1. Uitgawe Zalsman, Kampen 1867.

Volgens Art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis is dit die plig van die kerkraad om die tug te beoefen sodat „die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou (kan) word.”

CALVYN stel hierdie *noodsaaklikheid*²⁾ van die tug as volg :

„As geen gemeenskap, ja selfs nie 'n huis met nog so 'n klein familie sonder tug in goeie toestand gehou kan word nie, dan is dit nog noodsaakliker in die Kerk... netsoos die saligmakende leer van Christus die siel van die Kerk is, so vorm die kerklike tug die senuwees en spiere... Wie daarom verlang dat die kerklike tug opgehef word... werk langs die sekerste weg tot die volkome oplossing van die Kerk... Die kerklike tug is dus soos 'n teuel om hulle, wat hulleself teen die leer van Christus verset, onder te hou en te beteuel, of soos 'n spoor om hulle wat self te min ywer het aan te wakker, of soos 'n vaderlike roede waarmee hulle wat hulleself swaar besondig het sag en na die wyse van die Gees van Christus getugtig word.” Voorts sê CALVYN dat die tug die enigste hulpmiddel is, wat Christus voorgeskryf het en wat altyd onder die godvrugtiges in gebruik gewees is. Sonder tug doen immers iedereen wat goed is in sy eie oë, terwyl die wat hulleself inbeeld dat die Kerk vir 'n lang tyd sonder die band van die tug staande kan bly hulleself bedrieg.

Dat CALVYN die tug aan die een kant van groot belang ag, maar tog aan die ander kant weer nie die waarde daarvan oorskat nie, blyk hieruit dat volgens hom iemand nie die Kerk mag verlaat weens ernstige gebreke in die uitoefening van die tug deur die Kerk nie. Want nie-teenstaande verslapping van die tug is die Kerk nog die ware Kerk „as die verkondiging van die Evangelie met eerbied aangehoor word en die Sakramente nie versuim word nie.” Om hierdie stelling te verdedig verwys hy na voorbeelde uit die Skrif. Hy skryf :

In die Kerk van die Korinthiërs was die getal van die wat gedwaal het nie klein nie, ja dit het nie baie geskeel nie of die hele liggaam was deur dwaling besmet en ingeneem. Daar was nie maar net een soort van sonde nie, maar baie en dit was ook geen geringe dwalinge nie, want daar was ook gruwelike sondes onder. Daar was nie alleen verdorwenheid in die sede nie, maar ook in die leer... As die Kerk onder die Korinthiërs bly waar warm twiste, skeurings en afguns is, waar krakele, gekyf en hebsug gaande is... waar sommige die opstanding van die dode belag... as die Kerk tog nog te Korinthe bly, omdat die bediening van Woord en Sakrament daar nie verwerp word nie, wie sou dan die titel van Kerk ontnem aan so 'n vergadering waaraan nie 'n tiende deel van hierdie gebreke te laste gelê kan word nie.”

²⁾ Institutie IV, Hfd. 12.

MEER SOORTE VAN TUG.

Daar is meer as een soort van tug. Ten eerste, is daar *selftug*, die disipline wat iemand op homself uitoefen by die lig van die Woord van God en volgens sy gewete.

Dan is daar die *censura morum* of sedetug, wat voor elke Nagmaal plaasvind wanneer die kerkraad die geleentheid gee aan ampsdraers en lidmate van die gemeente om klagte in te bring oor die belydenis en wandel van lidmate wat geweer moet word van die dis van die Here.

Voorts is daar nog behalwe bv. die ouerlike tug, die *burgerlike* en *kerklike* tug.

Die Reformasie het immers die moed gehad om te bely, dat God twee magte in die wêreld gestel het, die staat en die Kerk, beide gegrond in die ryk van Christus. Hy regeer deur sy Woord en Hy bedien Homself van die ampte, wat Hy vir daardie doel ingestel het nl. die burgerlike en kerklike owerhede.

Ons gaan dit alles verby om u aandag kortliks te bepaal alleen by die onderskeid tussen die burgerlike en kerklike tug en dan verder die kerklike tug breër uit te werk.

Die kerklike tug is in onderskeiding van die burgerlike 'n *Christelike* straf en dra 'n *geestelike* karakter. Dit kom op uit die geestelike mag wat Christus aan sy Kerk skenk.³⁾ Die burgerlike mag daarenteen kom op uit God as Skepper. Waar eersgenoemde deur kerklike ampsdraers bedien word, daar word laasgenoemde deur die wêreldlike owerheid bedien.⁴⁾ Die ampsdraers wat Christus aan sy gemeente gee⁵⁾ beoefen die kerklike tug met geestelike wapens van oortuiging, vermaning, berisping, sensuur en ban.⁶⁾ Die wêreldlike owerheid daarenteen handhaaf sy gesag deur die swaard.

Die kerklike tug hef die burgerlike straf nie op nie. By laasgenoemde word die sondaar, al bely hy sy misdaad, tog gestraf, want die reg eis straf. Straf is immers herstel van geskonde reg. By eersgenoemde egter word na belydenis en berou die sonde vergewe. Die genade versoen die geskonde reg en skenk kwytskelding aan die boetvaardige.

VERSKIL IN DOELSTELLING.

Daar is ook verskil in doelstelling tussen die burgerlike straf en die kerklike tug. Wanneer die wêreldlike owerheid 'n oortreder straf, dan is dit in die eerste plek om die orde en die reg in die staat te handhaaf.

³⁾ Ef. 4:11.

⁴⁾ Rom. 13.

⁵⁾ 1 Kor. 12:28; Hebr. 5:4.

⁶⁾ 2 Kor. 10:3, 4.

Die kerklike tug wil voor alles opvoed en verbeter al dra dit ook 'n straffende karakter. Volgens CALVYN is die doel van die kerklike tug drieërlei nl. om die Naam van die Here te eer, om die ergernis uit die gemeente van die Here weg te neem en om die behoud van die sondaars. Volgens Art. 146 van die Wet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika word die kerklike tug uitgeoefen met die oog op :

- (a) die handhawing van die christelike belydenis;
- (b) die suiwerheid van die christelike lewe;
- (c) die nalewing van die kerklike reglemente.

Hierdie doelstelling is swakker as dié van CALVYN.

DIE VOORWERP VAN DIE TUG.

Op wie almal kan tug toegepas word? Daar is kerkrade wat van mening is dat tug alleen op belydende lidmate toegepas kan word. Dit is egter in stryd met die Skrif wat die kinders in die Here vermaan.⁷⁾ JOH. JANSEN⁸⁾ merk op dat gedoopte lede „nog onvolkome lede is en dus is die tug ook onvolkome”. Nagelaat mag dit om hierdie rede egter nie. 'n Vader laat immers ook nie die tug na omdat sy kinders nog onmondig is nie. Inteendeel. Die tug op gedoopte lede wat nog nie belydenis van die geloof gedoen het nie, bestaan in aansporing, vermaning, waarskuwing, bestraffing, en ekskommunikasie. Eers moet egter met die ouers van sulke kinders gesprek word en hulle op hulle plig tenopsigte van hulle kinders gewys word en dan daarna moet regstreeks met die kinders self gesprek word.

Voorwerpe van die kerklike tug is dus alle lidmate: doop- en belydende lidmate, jonk en oud, koning en onderdaan, arm en ryk. Die profete en apostels spaar konings en ander hooggeplaastes nie. Ons vadere het hulle ook nie gespaar nie. So het die Algemene Kerkvergadering een keer (Des. 1857) aan ouderling T. G. Wolmarans opgedra „om staande de vergadering den president (M. W. Pretorius) van een reprimande te bedienen.”

DIE GROND VIR DIE TUG.

JOH. JANSEN⁹⁾ noem vier gronde vir die tug :

- (a) Die ban in die O.T.¹⁰⁾
- (b) Die tug deur die Sinagoge beoefen.¹¹⁾
- (c) Die sleutelmag aan die apostels gegee, eers aan Petrus Mat. 16:19 en daarna aan almal Mat. 18:18; Joh. 20:23. Hierdie tug dra 'n buitengewone karakter.

⁷⁾ Ef. 6:1; Kol. 3:20; 1 Petrus 5:5.

⁸⁾ Korte Verklaring van de Kerkenordening. Uitgegeef by ok, Kampen 1923 bl. 312.

⁹⁾

¹⁰⁾ Deutr. 7:1-11; Ex. 22:20; Lev. 24:11-16.

¹¹⁾ Esra 10:8; Luk. 6:22; Joh. 12:42.

(d) Die tug in die N.T. gemeente, wat in graad van die sleutelmag verskil en 'n gewoon karakter dra.¹²⁾

As Jesus die sleutelmag aan Petrus gee, dan gebruik Hy hierdie treffende woorde: „Ek sal jou die sleutels van die Koningryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees.”

Vir wat alles onder die sleutelmag verstaan word, verwys ek u na die Heidelbergse Kategismus, Sondag 31. Hierdie sleutel is 'n dubbele sleutel. Dit sluit in en dit sluit uit. Dit sluit in deur aan die gelowiges te verkondig en openlik te betuig „dat al hulle sondes waaragtiglik op grond van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is so dikwels as hulle die belofte van die Ewangelie met 'n ware geloof aanneem.”

Dit sluit uit deur aan die ongelowiges en aan die wat hulle nie van harte bekeer nie, te verkondig en te betuig, dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie. Dit is dus die prediking van genade én oordeel, van 'n reuk tot die lewe én 'n reuk tot die dood, van 'n val én opstanding, van seën én vloek, van hemel én hel, van lewe én dood.

DIE OORSAAK VAN DIE TUG.

Die oorsake waarom tug op 'n lidmaat toegepas word is afwyking is leer¹³⁾ of lewe.¹⁴⁾ Alle sondes is egter nie strafbaar met die tug nie. Ons struikel immers almal in baie. Om strafbaar te wees moet die misdaad 'n bepaalde karakter dra. Volgens VOETIUS¹⁵⁾ is daar drie kenmerke:—

- (1) Dit moet sonde wees,
- (2) dit moet ergernis verwek,
- (3) dit moet gepaard gaan met verwerping van die vermaning en hardnekkige volharding in die kwaad.

Volgens die Wet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika¹⁶⁾ is veral strafbaar elke daad wat die goeie orde versteur en in die geval van kerklike ampsdraers in die Gemeente vergrype by die uitvoering van hul ampsbediening, nalatigheid in die verrigting van hul gewigtige dienswerk en misbruik van mag. Verder „deurgaande onsedelike gedrag” en „hardnekkigheid in ontkenning of verset”.

Die „Ontwerp voor een Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk”¹⁷⁾ wil die tug toegepas sien „jegens hem, die ondanks broeder-

¹²⁾ Rom. 16:17, 18; 1 Kor. 5; 1 Thess. 5:14; 2 Thess. 3:6; Titus 3:10 ens.

¹³⁾ Mat. 7:15; 24:11; Hand. 20:28-31; ens.

¹⁴⁾ Hand. 5:1; 1 Kor. 5:1-5; 7:5-8; Op. 2:3-6, 14-16, 20 ens.

¹⁵⁾ Joh. Jansen bl. 314.

¹⁶⁾ Art. 149.

¹⁷⁾ IV Art. 9.

lyke samespreking en herderlik vermaan voortgaat het leven der Kerk op ernstige wyze te verstoren, doordat hy nalatig blyft in de naartige vervulling van ambt, bediening of kerklike funksie, of volhardt in een onchristelyke belydenis of wandel; alsmede jegens hem, wiens gedragingen den weg van bespreking en vermaan onbegaanbaar doen zyn." Dit is bv. iemand wat 'n ampsdraer(s) of die kerkraad nie wil ontmoet nie.

Ons het bo gesê dat alle sondes nie strafbaar met die tug is nie. Daar word dan ook gewoonlik onderskeid gemaak tussen *heimelike* en *openbare* sondes. Onder heimelike sondes word verstaan die sondes wat slegs aan een of enkele bekend is. In so 'n geval moet gehandel word volgens Mat. 18:15-17. Die onskuldige moet optree. Drie trappe is daar volgens hierdie skrifuitspraak. Die eerste twee is persoonlik. Eers die derde is kerklik. Omdat volgens die voorskrif van Mat. 18 die onskuldige moet optree, daarom, as iemand by die predikant of ouderling kom kla oor iemand anders, moet dan eers aan die klaer gevra word of hy ooreenkomstig Mat. 18 gehandel het. So nie, moet hy vermaan word om dit eers te gaan doen. Alleen in geval die aangeklaagde geen gehoor sou gee nie, moet die klag by die kerkraad gerapporteer word.

Waar heimelike sondes in die geheim, onder vier oë of in teenwoordigheid van slegs een of twee getuies bestraf word, daar moet dit in die geval van openbare sondes in die openbaar, in aller teenwoordigheid volgens 1 Tim. 5:20 geskied.

Onder openbare sondes noem CALVYN die wat nie alleen voor een of twee getuies begaan is nie, maar openlik, en tot ergernis van die hele Kerk bedryf word. Hy wys daarop dat in hierdie geval die drie trappe wat Christus in Mat. 18 noem nie gevolg word nie, maar dat die oortreder opgeroep word voor die ampsdraers en dadelik gestraf word, al na gelang van sy misdad.¹⁸⁾

TUGMIDDELS.

Die tugmiddel wat toegepas word hang af van die aard en die erns van die misdryf. CALVYN¹⁹⁾ vestig die aandag daarop dat die bestraffing van ligtere oortredings met sagte en vaderlike woorde moet geskied wat die oortreder nie verbitter nie, maar tot inkeer bring, sodat hy hom daarvoor verbly. Wanbedrywe moet egter op skerper wyse gestraf word. Tog moet strenge straf ook altyd met die gees van sagmoedigheid²⁰⁾ verbind word, sodat die gestrafte nie deur droefheid verslind word nie.

¹⁸⁾ Calvyn: Institutie Boek IV, bl. 272.

¹⁹⁾ Institutie IV, bl. 272.

²⁰⁾ 2 Kor. 2:7.

Volgens die Wet van die Ned. Herv. Kerk van Afrika is daar drie tugmiddels²¹⁾ om toe te pas op 'n gewone lidmaat:—

- (a) Om hom te laat bestraf deur die predikant, in teenwoordigheid van
 - (i) een of meer ouderlinge, of
 - (ii) die kerkraad, of
 - (iii) die gemeente;
- (b) vir bepaalde of onbepaalde tyd die gebruik van die Nagmaal te ontsê en die uitoefening van die reg om as vader of moeder te staan by die doop van sy of haar kind, met al of nie afkondiging van die ontsegging van die kansel;
- (c) af te sny van die gemeente met gebruik van die Formulier van die Ban.

Volgens die tweede tugmiddel mag iemand die gebruik van die Nagmaal ontsê word. Maar in watter gevalle mag dit geskied? Die Sinode van Embden 1571 noem net een geval nl. iemand wat homself van een of ander heimelike sonde skuldig gemaak het en die vermanings nie ter harte neem nie, maar volhard in die sonde.

Sedert die Sinode van Middelburg in 1581 word iemand ook van die dis van die Here afgehou as hy hom skuldig maak aan 'n openbare of ergerlike sonde.

Die daad van die ontsê van die gebruik van die Nagmaal moet egter deur vermanings gedra word. Daar moet vermanings voorafgaan, die afhou van die Nagmaal moet met vermanings gepaard gaan en deur vermanings opgevolg word.

In die geval van die ban mag daar nie haastig te werk gegaan word nie. Voor 'n hardnekkige sondaar van die gemeente van die Here afgesny word, moet hom eers twee tot drie jaar gegee word. Miskien sien hy die dwaling van sy weg in en bekeer homself.

Daar dien op gewys te word dat die ban geen vervloeking is nie, maar 'n opsegging van die broederlike gemeenskap, 'n plegtige verklaring in die Naam van die Here dat die sondaar onder die ban geen broeder meer is nie. Die ban is dus 'n uitsluiting uit die gemeente en van al die weldade en gawes deur God aan die gemeente gegee. En hierdie uitsluiting sal, as dit ooreenkomstig die opdrag van Christus plaasvind, eenmaal gevolg word deur die uitsluiting uit die koninkryk van die hemele deur God self. Die gemeente mag egter nie wanhoop aan die behoud van 'n gebannene nie asof hy reeds verlore is. Wel mag so iemand as vervreemd van Christus en sy Kerk beskou word, maar alleen solank hy homself nie bekeer nie. Die afsnyding bedoel nie om die sondaar vir altyd uit die gemeente te stoot nie en hom in die

²¹⁾ Art. 167.

verdoemenis te werp nie, maar dis 'n laaste middel aan hom van sy ewige rampsaligheid te verseker as hy homself nie bekeer nie en 'n laaste middel om hom tot die geloof te beweeg.

Ook in die geval van die ban geld dan nog die wyse woord van CALVYN: die gestrengheid moet deur barmhartigheid getemper word.

SLOT-OPMERKINGS.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die regverdige toepassing van die tug nie 'n maklike taak is nie. Dit is des te moeiliker omdat die Kerk nie oor die hart en die gewetens van mense kan oordeel nie. Nietemin is dit die deur Christus toevertroude taak om die sleutelmag te beoefen.

Hierdie taak word ook bemoeilik deurdat die neiging van die moderne pedagogiek is om die tug in die ban te doen in stryd met Spr. 6:23, dat „die teregwysing van die tug 'n weg tot die lewe is.”

Hierdie neiging het ook toegeneem in die Kerk van die Here. Die „senuwees” van die Kerk, na die woord van CALVYN, het verslap met die gevolg dat in die Christelike Kerk nie veel meer van die tug volgens Skrif en Belydenis oorgebly het nie. Die ban is onder ons so goed as onbekend. Sensuur word al te vaak net toegepas as die 7de gebod oortree word.

Die ander sondes deur Paulus in 1 Kor. 5 opgenoem bv. gierigheid, afgodediens, laster, dronkenskap, diefstal, word blykbaar nie meer as ernstige sondes beskou nie, want gewoonlik word die wat hulleself daaraan skuldig maak, net vermaan.

En wat van die voortdurende verbygaan van die huis van die Here, dat 'n lidmaat vir maande en selfs jare, nieteenstaande die herhaalde vermanings van die leraars en opsieners van die gemeente, nie onder die prediking van die Woord van die Here kom nie?

Mag 'n kerkraad swyg as 'n lidmaat nooit of byna nooit aan die dis van die Here kom nie? En as 'n lidmaat weier om sy regmatige deel by te dra vir die instandhouding van die Kerk en die versorging van die armes, maak hy homself dan nie ook skuldig aan kerklike tug nie?

'n Verwaarloosde tug is 'n teken van agteruitgang, wat homself in die toekoms altyd wreek. Dit geld in 'n gesin, in 'n skool, in 'n leër en dit geld ook in die Kerk.

Skrif en Belydenis en praktyk roep die Kerk op om die slap hande en die verlamde knieë tenopsigte van die tug weer op te rig, om die tugteloosheid van die moderne pedagogie af te skud en in die eerste plek nie te vra na die tydgees nie, maar te vra: wat sê die Woord van God?

Eers wanneer die tug weer gehandhaaf word, sal die geestelike en vervalte sedelike lewe van ons volk weer opbloeï of om met die profeteet Amos ²²⁾ te spreek :

dan sal God die vervalte hut van Dawid weer oprig en sy skeure toebou en sy puinhope herstel.

JOH. DREYER.

Potchefstroom,
Mei 1948.
